# Sekularisasie en die roeping van die kerk

P.J. de Bruyn
Dept. Ekklesiologie en Dogmatologie
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
POTCHEFSTROOM

**Abstract**

**Secularization and the calling of the church**

*In this article the following aspects of secularization are discussed: what is meant by secularization, how it has developed, its main causes, the characteristics of secularized life and thought, the consequences of secularization, and the views of several theologians practising a secularized theology. Furthermore, the issues of the Biblical perspective of what today is called secularization, and the calling and duty of the church facing the challenge of secularization are discussed.*

## 1. Inleiding

Die vraag waaroor in hierdie artikel besin word, is wat die taak van die kerk in 'n gesekulariseerde wêreld is. Dat 'n mens in dié verband met 'n probleem te doen het, is voor die hand liggend as 'n mens verstaan dat dit hier gaan om twee magte wat in hulle doel en strewe lynreg teenoor mekaar staan. Die kerk beywer hom immers vir die uitbreiding van die Christendom kwalitatief en kwantitatief (Matt. 13:33; 28:19-20; Hand. 1:8). Daarteenoor het, soos verder sal blyk, die proses van sekularisasie 'n aftakeling van die Christendom kwalitatief en kwantitatief tot gevolg.

Die groot gevaar van sekularisasie is reeds in 1928 by die Wêreld-sendingkonferensie in Jerusalem aangedui toe Jones (1928:284) sy toespraak begin het met die stelling dat niemand wat die dieper probleme van die lewe bestudeer daaraan kan ontkom om op te merk dat die grootste teëstander van die Christendom nie die Mohammedanisme of die Boeddhisme of die Hindoeïsme of die Confucianisme is nie, maar die wêreldwye sekulêre lewenswyse en beoordeling van sake. Volgens Newbigin (1966:11) is die volke van al die kontinente reeds in die greep van sekularisasie. Van der Walt (1984:114) noem sekularisme in 'n meer onlangse publikasie as die gevaarlikste vyand van die Christendom.

Hoewel daar in sekere streke en lande 'n groei in die Christendom ervaar word, is die oorwegende tendens veral vir die Westerse Wêreld dié van sekularisasie (Heitink, 1995:36-41).

In hierdie artikel sal die aandag kortliks op die volgende gevestig word:

* wat onder sekularisasie verstaan word;
* hoe dit ontwikkel het;
* die vernaamste oorsake daarvan;
* die kenmerke van die gesekulariseerde lewe en denke;
* enkele tersaaklike gevolge van sekularisasie;
* die sienings van enkele "sekularisasieteoloë";
* 'n Bybelse perspektief op sekularisasie;
* die roeping van die kerk in 'n tyd van sekularisasie.

## 2. Wat onder sekularisasie verstaan word

Die probleem waarmee 'n mens met die omlyning van die begrip *sekularisasie* te doen kry, is dat verskeie skrywers 'n duidelike onderskeid maak tussen sekularisasie en sekularisme. Gogarten (1956:139-140; 1958:142-148), Stoker (1970:131-132) en Duvenage (1988:141-144) se siening is dat sekularisasie iets positiefs is maar dat sekularisme iets negatiefs is (vgl. ook Rietveld, 1957:118). Hulle siening kom daarop neer dat sekularisasie 'n "ontkerkliking" van die samelewing is, terwyl sekularisme 'n "ontgoddeliking" van die samelewing is (vgl. ook Koekemoer, 1988:105). Volgens hulle moet die ontkerkliking gesien word teen die agtergrond van die optrede van die Rooms-katolieke Kerk voor die Reformasie wat gepoog het om alle terreine van die lewe te oorheers en te verkerklik (vgl. Heyns, 1969:40). Teenoor hierdie siening en optrede moet sekularisasie of ontkerkliking positief gewaardeer word, want as die kerk alles oorheers, word die beginsel van soewereiniteit in eie kring in gedrang gebring. Sekularisme is egter iets anders. Dit is die proses waarin die kultuur en trouens die hele lewe van die mens van God en die geloof in God losgemaak word en dit moet volgens genoemde skrywers afgewys word (vgl. Reformed Ecumenical Council, 1991:6-21).

Hoewel hierdie onderskeiding tussen sekularisasie en sekularisme 'n poging tot verheldering aandui, skep dit in die praktyk tog probleme. Vanweë die feit dat sekularisasie sedert die tyd van die Renaissance nie net 'n produk van die Reformasie was nie maar veral 'n produk van die humanisme, was die sekularisme – om die omskrywing van bogenoemde skrywers te gebruik – van die begin af daarin teenwoordig (vgl. Van Riessen, 1967:50; Vogel, 1981:10,11; Van der Walt, 1984:15). Verder is die begrip *sekularisasie* ook in die betekenis van ontgoddeliking – en nie net as ontkerkliking nie – al redelik vroeg gebruik. So is dit al in 1928 deur Jones gebruik (Jones, 1928:284).

Daarby kom nog dat *sekularisasie* in die jongste tyd feitlik deurgaans gebruik word in die betekenis van ontgoddeliking en ontkerstening en nie net in die betekenis van ontkerkliking nie (Velema, 1992:349). Vir Kamphuis (1990:8, 9, 13-15) is dit 'n uitgemaakte saak dat die gesekulariseerde wêreld 'n wêreld sonder God wil wees. Sekularisasie is 'n vorm van *asebeia*: goddeloosheid. Daarom gaan ek ook verder die woord sekularisasie, in die betekenis van ontgoddeliking en goddeloosheid gebruik (vgl. Rietveld, 1957:260). Vanselfsprekend sal die proses van ontgoddeliking ook ontkerkliking tot gevolg hê, maar dan nie in 'n positiewe sin nie maar in 'n negatiewe sin.

## 3. Die ontstaan en ontwikkeling van sekularisasie

In 'n sekere sin het die hele proses van sekularisasie met die sondeval begin. Die mens se daad van ongehoorsaamheid aan God was terselfdertyd 'n daad waarmee hy gepoog het en daadwerklik begin het om hom van God los te maak (vgl. Velema, 1993:18-20). In die tyd voor die sondvloed (Gen. 6:5), by die bou van die toring van Babel (Gen. 11:1-8) en in die geskiedenis van Sodom en Gomorra (Gen. 18, 19) kom hierdie sekularisasie reeds duidelik na vore. En daarvandaan kan 'n mens die lyn van sekularisasie deurtrek tot vandag toe.

Hoewel dit onbetwisbaar is, lyk dit tog verantwoord om te sê dat die sekularisasie in sy huidige vorm sy oorsprong by die Renaissance en die gepaardgaande humanisme het (Van Driel, 1990:342-345). Volgens Heyns (1969:45) het die Renaissance gelei tot 'n nuwe lewensgevoel by die mens – 'n lewensgevoel "gekenmerk deur die losmaking van die individu uit die Middeleeuse maatskaplike en kerklike bindinge en gerig op die ideaal van die outonomie van die menslike persoonlikheid" (vgl. Koekemoer, 1988:105; Van Driel, 1990:343).

Aanvanklik het die sekularisasie bloot 'n groter belangstelling in die wêreld (*saeculum*) beteken. Met so 'n sekularisasie kan daar, volgens Stoker (1970:131) geen fout gevind word nie – op voorwaarde dat in gedagte gehou word dat die mens en die wêreld God se mens en God se wêreld is. Dit het egter nie gebeur nie. Daarom volg daar, volgens Stoker (1970:132-136), op die Renaissance drie fases – soos hy dit stel – nie van sekularisasie nie maar van sekularisme, en wel op so 'n wyse dat die intensiteit en omvang van die sekularisme in elke fase ingrypender en omvangryker is as in die voorafgaande fase.

Die eerste fase is dié wat strek vanaf die begin van die 18de eeu met die *Aufklärung* tot die tweede helfte van die 19de eeu. Dit is die *deïstiese fase* waarin God nog nie as dood beskou word nie, maar dat Hy vir die praktyk van die lewe en in die besonder vir die beoefening van die wetenskap oorbodig is. God se gesag word teruggedruk tot die kerk en die hemel.

Die tweede fase wat strek vanaf die tweede helfte van die 19de eeu tot die eerste helfte van die 20ste eeu is die *ateïstiese fase* waarin die bestaan van God ontken word. Die natuurwetenskap is verhef tot god en redder van die mens en die wêreld, terwyl godsdiens as 'n blote historiese verskynsel gesien word. "Geloof aan die openbaring van God is as bygeloof bestempel" (Stoker, 1970:134).

Die derde fase strek ongeveer van die tweede helfte van die 20ste eeu af. In hierdie fase het iets merkwaardigs gebeur: die mens het tot die besef gekom dat 'n ontgoddelikte wêreld, 'n ontgoddelikte mens, 'n ontgoddelikte kultuur en 'n ontgoddelikte wetenskap heeltemal sinloos is en geen behoorlike antwoord op die lewensvrae kan gee nie. Daarom moet na iets dieper gesoek word. "God word weer nodig. Maar die 'god' wat in hierdie derde fase van sekularisme gevind word, is 'n gesekulariseerde 'god', en byvoorbeeld 'n krag, 'n faktor, 'n funksie, 'n waarde of wat ook al van en in hierdie wêreld of hierdie mens" (Stoker, 1970:135). Hierdie fase kan 'n *panenkosmistiese fase* genoem word wat beteken dat alles, ook God (of 'god') deel van die wêreld is.

'n Mens sou by Stoker se onderskeiding van drie fases moontlik nog 'n vierde fase kon byvoeg – 'n fase wat strek vanaf ongeveer die sewentigerjare van hierdie eeu. Dit is die fase wat begin het met die grootskaalse propaganda van die *New Age*-beweging (NAB). Wat so kenmerkend van die NAB is, is dat hulle die gesekulariseerde 'god' ten volle erken en ontken – hoe teenstrydig dit ook al mag klink. Hulle is immers ten volle *panteïsties* en *ateïsties*. Dit blyk baie duidelik uit Creme (1980:110, 111) se siening van sake as hy beweer:

> Every manifested phenomenon is part of God. And the space between these manifested phenomena is God. So, in a very real sense, there isn't anything else. You are God. I am God. This microphone is God. This table is God. All is God. *And because all is God, there is no God.* God is not someone that you can point to and say 'That is God'. God is everything you have ever known or could ever know – and everything beyond your level of knowing (my kursivering – PJdB).

Heitink (1995:40) bestempel hierdie fase as die *panenteïstiese fase*. So bereik die sekularisasie in die NAB 'n sekere hoogtepunt in die sin dat alles ten volle vergoddelik is én God – wat die mens betref – terselfdertyd ten volle geëlimineer is.

## 4. Die vernaamste oorsake van die sekularisasie

Behalwe vir die feit dat die sonde as primêre oorsaak van die sekularisasie aangedui kan word, is dit tog nodig om daarbenewens sekere oorsake meer spesifiek aan te dui. In die hieropvolgende bespreking word die aandag slegs op ses van die belangrikste oorsake gevestig.

## 4.1 Die humanisme

Volgens Van Riessen (1967:50) is die opkoms en die ontwikkeling van die sekularisasie hoofsaaklik daaraan te wyte dat daar aan die mens 'n selfstandige plek naas God gegee is (vgl. Kamphuis, 1990:15). Die gevolg is dat die mens homself nie meer beskou as van God afhanklik nie maar van oordeel is dat hy op sy eie bene kan staan (Velema, 1992:349; 1993:17).

## 4.2 Die piëtisme

Die opkoms van die piëtisme het sonder enige twyfel sekularisasie in die hand gewerk. Vir die piëtisme het alles immers gedraai om die "vrome mens", terwyl hulle die "bose wêreld" vermy het (Berkhof, 1950:245; Cole, 1955:162, 163). Deur hulle asketiese houding is die gedagte gevestig dat die dien van die Here niks met die wêreld te doen het nie. Al die aandag is slegs op die mens se siel gevestig (vgl. Bullough, 1976:506; Van Driel, 1990:375-376). Hierdie beskouing het nie slegs tot gevolg gehad dat die groeiende humanisme nie effektief bestry is nie, maar dat daaraan juis die geleentheid gebied is om in die sogenaamde bose wêreld van krag tot krag voort te gaan en tot ateïsme te ontwikkel.

## 4.3 Die ateïsme

Die humanisme met sy inherente outonomie van die mens het nie van die begin af die ateïsme beoog nie. Aan God is veral deur die filosowe wel nog 'n sekere plek toegeken, hoewel dit moeilik is om hulle "god" nog as die God van die Skrif te sien. Toe die mens God egter nie meer in die filosofie en die wetenskap in erkenning gebring het nie en die piëtisme ook nie teen hierdie miskenning van God in verset gekom het nie, kon dit nie anders as om op ateïsme uit te loop nie. En dit is veral vanuit hierdie ateïsme wat die sekularisasie gegroei het (Van Riessen, 1967:44, 46, 50-51).

## 4.4 Die ontwikkelings op die gebied van wetenskap en tegniek

Nadat die humanisme en die ateïsme in mindere of meerdere mate gevestig is, het die fenomenale ontwikkelings op die gebied van wetenskap en tegniek die gevoel by die mens laat ontstaan dat hy God nie meer nodig het nie en in elk geval nie meer van Hom afhanklik is nie (Jansen van Ryssen, 1954:34-42). Schwarz (1962:32) stel dit so: "'n Nuwe wetenskaplike eeu het ontstaan, en die behoefte aan God is afgeskaf. Die moderne uitkyk is materialisme" (vgl. Van Driel, 1990:352).

## 4.5 Oppervlakkige Christelikheid

In Suid-Afrika is die sekularisasie grootliks gestimuleer deur die vanselfsprekendheid waarmee aanvaar is dat die meeste inwoners van die land, en in elk geval prakties alle Afrikaners, Christene is. Hierdie siening spruit vermoedelik voort uit die dwaling waarvolgens die toekoms van die kerk van die Here in Suid-Afrika vereenselwig is met die toekoms van die blankes in Suid-Afrika (vgl. Van der Westhuizen, 1984:2, Pont, 1989:3; Venter, 1989:55). 'n Soortgelyke situasie is ook by sommige Christene in die VSA aangetref. Newbigin (1987:116) sê van hulle: "They identify their own cause unconditionally with the cause of God (and) regard their critics as agents of Satan." Oor die groot gevaar wat hierdie siening inhou, sê Newbigin (1987:116):

> This confusion of a particular and fallible set of political and moral judgements with the cause of Jesus Christ is more dangerous than the open rejection of the claim of Christ in Islam, just as the shrine of Jeroboam at Bethel was more dangerous to the faith of Israel than was the open paganism of their neighbors, for the worship of Ba'al was being carried on under the name of Yahweh (vgl. ook Reformed Ecumenical Council, 1991:70).

Een van die uiters skadelike gevolge van die siening in Suid-Afrika is dat, terwyl prakties alle Afrikaners as Christene beskou is, daar nie besef word dat die Christelikheid van baie mense weinig meer as 'n vernis aan die buitekant is nie. Daarom was dit vir baie van hierdie mense bykans geen probleem om hulle oënskynlik Christelike lewenstyl vir 'n sekulêre lewenstyl in te ruil nie (vgl. Douma, 1993:13, 65, 135).

## 4.6 Die kommunikasiemedia

Hoewel die kommunikasiemedia streng gesproke nie as oorsaak van die sekularisasie gesien kan word nie, is die huidige omvang en intensiteit van die sekularisasie wel die resultaat van die aanwending van hierdie media. Douma (1993:137) beskou die televisie, as dit sonder diskresie gebruik word, as die mees effektiewe middel om van Christene gesekulariseerde mense te maak (vgl. ook Botha, 1982:143, 149). Al bogenoemde gedagtes (4.1-4.5) word deur die moderne kommunikasiemedia op groot skaal en by herhaling in die huise van mense ingedra. Op dié wyse word hulle gekondisioneer en word die wesenselemente van die sekularisasie meesal sonder dat hulle dit self besef, deel van hulle denksisteem wat hulle dan weer op ander mense en in die besonder op hulle kinders afdruk.

## 5. Vernaamste kenmerke van die gesekulariseerde gemeenskap

Die volgende kan as die vernaamste kenmerke van 'n gesekulariseerde gemeenskap beskou word:

### 5.1 Dit is antimetafisies

Die metafisika kan beskryf word as die deel van die wysbegeerte wat hom besig hou met die verborge agtergrond van alles wat bestaan (Van Peursen, 1959:668). Dit het dus te doen met die onsigbare werklikheid wat agter die sigbare werklikheid lê, daaraan sin en betekenis gee en die bestemming daarvan bepaal (vgl. Kuitert, 1971:22). Vir die Christen wys die metafisika na God wat alles geskape het en dit nog onderhou en bestier (Boshoff, 1968:144; Heyns, 1969:107).

As daar gesê word dat die lewensbeskouing van die gesekulariseerde gemeenskap antimetafisies is, dan word daarmee bedoel dat die gemeenskap afwysend staan teenoor 'n God buite die bestaande en sigbare werklikheid. Daarmee ontken die gesekulariseerde gemeenskap nie noodwendig die bestaan van God nie, maar is hul van oordeel dat as Hy bestaan, Hy alleen binne die bestaande kosmos te vinde is (Heyns, 1969:108; Kuitert, 1971:86-87). Vanweë hierdie antimetafisiese tendens is dit vir Kamphuis (1990:13-15) 'n uitgemaakte saak dat 'n mens in sekularisasie met niks minder as 'n vorm van goddeloosheid (*asebeia*) te doen het nie.

### 5.2 Dit is antroposentries

Dit beteken dat die mens in die sentrum van die gesekulariseerde denke staan en dat alle aandag op hom gefokus word (Boshoff, 1968:157-160; Velema, 1992:349). Heyns (1969:152) stel dit so: "Nooit is die unieke betekenis en waardigheid van die menslike persoon só geaksentueer, nooit is groter nadruk op die beslissende betekenis van die menslike handeling gelê as juis vandag nie".

### 5.3 Dit is rasionalisties

Sedert die Renaissance het "die vertroue in die allesverklarende, allesbegrypende, en in die eeu van die tegniek, die alles-skeppende krag van die rede" al groter geword (Heyns, 1969:99). Daarom mag daar nie van die mens, ook nie in sy godsdiens, meer gevra word as wat hy kan verstaan en rasioneel kan verklaar nie. Die wêreld word gesien as "'n geslote, kousaal bepaalde eenheid, en sit só natuurlik inmekaar dat dit met die menslike rede begryp kan word en dat met bonatuurlike ingryping nie rekening gehou hoef te word nie" (Heyns, 1969:99).

## 5.4 Dit is tegnologies-bepaald

Die tegnologie is besig om aan die mens al hoe meer buitengewone vermoëns te gee. Die gevolg is dat as hy met probleme te doen kry, hy die oplossing daarvoor ook by die tegnologie gaan soek. Om tans nog hulp by God te gaan soek, is vir hom sowel irrasioneel as irrelevlant omdat dit nie funksioneel is nie (vgl. Van Riessen, 1967:39; Van Wyk, 1971:5-6; Van Driel, 1990:348-349).

## 5.5 Dit is anti-eskatologies

Die gesekulariseerde gemeenskap is onder die invloed van die eksistensialisme anti-eskatologies. Daar is volgens hulle geen hiernamaals nie, want met die dood is alles verby (De Klerk *et al.*, s.a.:141). Lewe na die dood word as 'n Platoniese beskouing verwerp en die persoonlike saligheid na hierdie lewe word as 'n mite beskou. Die mens se toekomsverwagting is ingeperk binne die grense van sy aardse lewe (Boshoff, 1968:160, 161). Sekularisasie laat die mens die Bybelse visie op die einde (die *eschaton*) uit die oog verloor (Rietveld, 1957:204).

# 6. Tersaaklike gevolge van sekularisasie

## 6.1 Ontkerstening wat ontgoddeliking word

Verskillende outeurs het aangedui dat ontkerstening wat uitloop op ontgoddeliking een van die belangrikste gevolge van die sekularisasie is. Die mens wat deur sekularisasie ontstaan het, noem Miskotte (1966:10) die *vierde mens* en dan sê hy: "De vierde mens, dat is de mens die niet meer in bijbelse zin gelooft, o ja, ook dat, maar hij is evenzeer voor andere goden doof en van de bindende kracht van de god-gelijke Waarden vrij; hij is de mens, die op geen geestelijk appèl meer antwoord". Heyns (1969:14) sluit hierby aan as hy sê: "Kenmerkend vir ons tyd is blykbaar nie net 'n vyandige *anti-godsdienstigheid* nie, maar ook 'n totale afwesigheid van belangstelling in godsdiens, 'n *a-godsdienstigheid* dus."

In 'n meer resente publikasie wys Van Driel (1990:355-356) daarop dat as gevolg van die sekularisasie godsdienstigheid in kwantiteit en kwaliteit afgeneem het. Hy teken die huidige situasie van ongodsdienstigheid en ontkerstening soos volg (vgl. Van Driel, 1990:356): Dit is duidelik dat in 'n betreklike kort tyd die kerk en die godsdiens verskuif het van die sentrum na die rand van die samelewing. Godsdiens en kerk het nie meer enige integrerende funksie in die moderne samelewing nie. Nie alleen vir die samelewing nie maar ook vir individu het die plek, die aard en die betekenis van godsdiens verander. Godsdiens is in 'n privatiseringsproses uit die groot onpersoonlike wêreld teruggetrek en funksioneer hoofsaaklik nog net in die

persoonlike wêreld. En ook in die persoonlike wêreld word die terugtrekkingsproses voortgesit: van die hele mens na die onbewuste, die nierasionele. Mense is al hoe minder in staat – nie soseer uit onwil nie, maar eerder uit onmag – om hulle godsdiens met hulle hele persoonlikheid in hulle hele leefwêreld van Sondag tot Sondag uit te leef. Dit geld ook van die mense in regs-ortodokse kringe. Die gevolg is dat die kerk ook nie meer outomaties op die trou van sy lidmate kan reken nie (Van Driel, 1990:363).

Van Driel (1990:358, 359) sê verder dat in Europa en Noord-Amerika tussen 6 000 en 7 600 persone *daagliks* die bande met die kerk verbreek. In 1849 was daar in Nederland niemand wat nie aan 'n kerk behoort het nie. In 1985/86 het 47,9% van die Nederlanders nie aan 'n kerk behoort nie. In die lig hiervan is dit te verstane dat die mense wat die meeste gemoeid is met die ontwikkeling van die moderne samelewing, van oordeel is dat die kerk en die godsdiens in dié verband die minste betekenis het (Van Driel, 1990:362).

In Suid-Afrika was die *afname* in die aantal lidmate in die belangrikste kerke volgens Hendriks (1995:24) – aangedui in *duisende* – soos volg:

| **Denominasies** | **Blankes** | | | **Kleurlinge** | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1980 | 1991 | % | 1980 | 1991 | % |
| Afrikaans-reformatoriese lidmate | 2 068 | 1 996 | - 3 | 689 | 569 | - 17 |
| Anglikane | 456 | 292 | - 36 | 351 | 233 | - 34 |
| Rooms-Katolieke | 394 | 315 | - 20 | 265 | 235 | - 11 |
| Metodiste | 414 | 334 | - 19 | 140 | 95 | - 32 |
| Kongregasionaliste | 24 | 18 | - 25 | 170 | 129 | - 24 |
| Lutherane | 39 | 28 | - 28 | 96 | 82 | - 15 |
| Presbiteriane | 129 | 90 | - 30 | 8 | 5 | - 37 |

By die Pentekostalistiese kerke was daar tussen 1980 en 1991 in duisende 'n groei van 478 na 555 (+ 16%) onder blankes maar 'n afname van 333 na 301 (- 10%) onder kleurlinge. By die Onafhanklike (Independentistiese) kerke was daar wel 'n duidelike groei, naamlik van 151 na 318 (+ 111%) onder blankes en van 222 na 466 (+ 110%) onder kleurlinge, maar in terme van die hele kerklike bevolking is dit 'n druppel aan die emmer.

## 6.2 Morele verval

Dat die toenemende ongodsdienstigheid en ontkerstening 'n groot uitwerking op die mens se morele lewe sou hê, is vanselfsprekend (Rietveld, 1957:208-259). 'n Mens se godsdiens en sy sedelike lewe is immers onafskeidelik aan mekaar verbonde (Schippers, 1955:13; Venter, 1957:185; Reiss, 1960:163; Ridderbos, 1966:279; Heyns, 1970:5; Shields, 1983:6-7; Smedes, 1992:8-14). Die Skrif self toon die verband ook duidelik aan (Rom. 6:12-13, 19, 22; 12:1-2; 1 Kor. 5:6-7; 2 Kor. 5:17; Gal. 5:25; Ef. 4:1; 5:26-27; Kol. 3:1-5). Daarom verbaas dit 'n mens ook nie dat die sekularisasie 'n grootskaalse sedelike verval en toename in kriminaliteit tot gevolg gehad het nie (vgl. Boutellier, 1993:44, 45). Vencer (1995:40) bestempel hierdie gevolg van sekularisasie as "the destruction of our social and moral ecology".

Hierdie morele ineenstorting word veral baie duidelik aangetoon in die boek van Barton – *America: to pray or not to pray* (1988). Daarin toon hy wat in die VSA gebeur het sedert 17 Junie 1963 toe openbare gebede in skole verbied is deur regters wat deur president John F. Kennedy aangestel is (1988:183) – 'n verbod wat 39 miljoen skoliere geraak het.

* Swangerskappe van ongetroude meisies tussen 15 en 19 jaar het gestyg van 100 000 in 1963 tot 550 000 in 1981, terwyl daar slegs 'n geringe styging in die bevolkingsgroei was (Barton, 1988:22-23).
* Persone tussen 15 en 19 jaar wat seksueel oordraagbare siektes gehad het, het gestyg van 250 000 in 1963 tot 1 200 000 in 1982 (Barton, 1988:28).
* Waar die getal mense in die ouderdomsgroep 15-24 jaar wat selfmoord gepleeg het voor 1963 redelik konstant gebly het, het dit daarna met 253% gestyg (Barton, 1988:30, 31).
* Die aantal ongetroude pare wat saamwoon, het gestyg van 439 000 in 1963 tot 1 983 000 in 1985 (Barton, 1988:46-47).

Dit is maar enkele van die talle syfers wat deur Barton verskaf word. In alle gevalle word dieselfde tendens aangetref: 'n grootskaalse sedelike verval. Nou stel Barton (1988:164) dit duidelik dat dit alles nie slegs die resultaat van die verbod op die gebed as formele handeling is nie. Die verbod op die openbare gebed in die skole was in werklikheid niks anders nie as die vertolking van die houding en die gevoel van die Amerikaners in daardie tyd. Maar wat 'n mens oor die gebeurtenis verbaas laat staan, is die feit dat 97% van die Amerikaners op daardie stadium gesê het dat hulle in God glo. En so onlangs as Julie 1988 het 84% van die burgers van die VSA volgens 'n Gallup-opname gesê dat hulle in Jesus Christus glo. Ondanks hulle oënskynlike verbintenis aan die

Christelike geloof het 'n groot deel van hulle in werklikheid heeltemal gesekulariseerd geraak met sedelike verval as resultaat (Barton, 1988:164).

In Suid-Afrika word tans ook 'n morele verval op groot skaal beleef (De Bruyn, 1992:11, 12, 14) ondanks die feit dat na bewering 77% van die land se inwoners Christene is.

## 7. Die sienings van enkele "sekularisasieteoloë"

Verskeie teoloë het gepoog om 'n oplossing te vind vir die probleem van sekularisasie. Hulle het probeer om veral 'n teologie te ontwikkel waardeur hulle vir die kerke probeer aandui wat om in hierdie tyd te doen. In die meeste gevalle kom hulle sienings neer op 'n herinterpretasie van die Skrif waarin gebreek word met die tradisionele hermeneutiek in die Rooms-Katolieke en Reformatoriese kerke.

Die bekendste teoloë in hierdie verband is die volgende:

- *Bultmann* (1948:18; 1953:45-48) wat sê dat die Skrif geontmitologiseer moet word om dit vir die moderne mens meer aanvaarbaar te maak (vgl. Boshoff, 1968:146; Heyns, 1969:9, 100).
- *Bonhoeffer* wat 'n godsdienslose Christendom bepleit en tog sê dat 'n mens God in jou naaste ontmoet (Heyns, 1969:103, 104; Bremmer, 1991:19, 22).
- *Tillich* (1964a:261; 1964b:19) en *Fletcher* (1967:15-16; 1974:71-75, 87-96) se situasie-etiek weer is 'n sienswyse waarin slegs die liefde tot die naaste en die situasie waarin die mens verkeer as norme dien (vgl. Viljoen, 1973:172, 173; Janse van Rensburg, 1972:21, 27).
- *Robinson* (1966:77, 81, 83) beweer dat liefde God is sodat as my medemens liefde aan my (en andere) betoon, ek God in hom ontmoet.
- *Van Buren* (1965:13, 105, 183, 184) sê dat die Skrif alleen verstaanbaar word as dit aan 'n taalanalise onderwerp word en in dié proses kom Van Buren uiteindelik daarby uit dat hy liefde tot God en liefde tot die naaste met mekaar identifiseer omdat 'n mens God in jou naaste ontmoet.
- *Sölle* (1965:153, 155-159; 1967:40) met haar postteïstiese teologie is die mening toegedaan dat waar mense medemenslikheid en naasteliefde betoon, hulpvaardig is en mekaar se laste dra, daar is hulle God vir mekaar en hou hulle die afwesige God se plek by mekaar oop.
- *Cox* (1968:265, 270-271, 276) vind die "transendente God" in die werke van kunstenaars en digters en in politieke aksies.

- *Moltmann* (1967:40-41) het die "Teologie van die Hoop" ontwikkel – 'n teologie wat daarop neerkom dat die mens voortdurend moet strewe na 'n beter toekoms.

- *Kuitert* wys in sy jongste boek (1992) die vernaamste leerstukke van die Christendom af en laat die Christelike etiek opgaan in humaniteit en sosiale utiliteit met die gevolg dat God se gebooie volgens hom nie meer die norm vir die mens se lewe is nie (Kuitert, 1967:30-31; 1969a:16-17; 1969b:72-73; 1969c:199; 1970:99-100, 104, 193-195; 1992:289; De Bruyn, 1978:108-114).

Wat 'n mens opval is dat, hoe die teologieë van hierdie teoloë ook al van mekaar verskil, die antwoorde wat almal van hulle op die probleem van sekularisasie gee, dié is van *horisontalisme* en 'n *vermensliking van die godsdiens:* die *mens* moet bepaal wie God is en wat Hy in die Bybel aan die mens wil sê. Hulle het self reeds in so 'n mate in die greep van sekularisasie beland dat Boshoff (1968:142) van hulle teologie praat as 'n *sekularisasie-teologie*.

## 8. 'n Bybelse perspektief op sekularisasie

Hoewel die voorkoms en omvang van die huidige sekularisasie vir die gelowige pynlik is, is die koms daarvan tog nie onverwags nie. Die Skrif toon immers duidelik aan dat die wêreld voor die wederkoms van Christus deur sekularisasie gekenmerk sal word.

Volgens Lukas 17:26-30 het Christus gesê:

> Net soos dit in die tyd van Noag gegaan het, so sal dit ook gaan in die tyd van die Seun van die mens: hulle het maar soos gewoonlik geëet en gedrink en getrou tot op die dag dat Noag in die ark ingegaan het. Toe kom die sondvloed, en dit het hulle almal uitgewis. In die tyd van Lot het dit ook net so gegaan: hulle het maar soos gewoonlik geëet en gedrink, gekoop en verkoop, geplant en gebou. Maar op die dag toe Lot Sodom verlaat het, het vuur en swael uit die hemel gereën, en dit het almal uitgewis. Net so sal dit ook gaan op die dag wanneer die Seun van die mens verskyn.

As 'n mens hierdie uitsprake oor die mense se lewe in die tye van Noag en Lot bekyk in die lig van die betrokke gedeeltes in die Ou Testament, dan is dit duidelik dat die nadruk hier nie val op dit wat gesê word nie maar juis op dit wat verswyg word. Al wat van die mense in die tye van Noag en Lot gesê kon word, is dat hulle geëet, gedrink, getrou, geplant en gebou het. Verder niks! (Veldkamp, 1947:14-15; Greijdanus, 1955:107). Van God word in hierdie gedeeltes nie 'n woord gesê nie. Twee volledig gesekulariseerde gemeenskappe het God uitgeskakel uit hulle lewens. Vir hulle het Hy 'n faktor geword

waarmee nie meer rekening gehou hoef te word nie (Calvyn, 1971:357). Dit is ook opvallend dat die lewe van die mense voor die koms van die sondvloed op 'n baie besondere wyse as *goddeloos* (*asebês*) gekwalifiseer word. Dit blyk duidelik uit Judas:14, 15:

> Dit is oor hierdie mense dat Henog, wat van die sewende geslag ná Adam was, geprofeteer het. Hy het gesê: 'Kyk, die Here kom met sy duisende heilige engele en Hy sal oor almal oordeel. Hy sal al die goddeloses, al die sondaars straf oor al die goddelose dinge wat hulle in goddeloosheid gedoen het, en oor al die lasterlike dinge wat hulle teen Hom gesê het'.

Hier word die woord *goddeloos* in 'n enkele vers nie minder nie as drie maal gebruik om daardie mense te karakteriseer. In hulle goddeloosheid het die sekularisasie van daardie tyd 'n hoogtepunt bereik. Ook Christus sê: "Net so sal dit ook gaan op die dag wanneer die Seun van die mens verskyn" (Luk. 17:30). Daarom moet die kerk verwag dat die proses van sekularisasie nie sal verswak nie, maar juis sterker sal word namate die wederkoms van Christus naderkom.

## 9. Die roeping van die kerk in 'n tyd van sekularisasie

Die roeping van die kerk van die Here word deur Paulus aangedui as die bediening van die versoening (2 Kor. 5:18). Dit moet plaasvind deur die besondere ampte en deur die amp van die gelowige.

### 9.1 Die besondere ampte

#### 9.1.1 Die predikant

Die predikant se taak is primêr die bediening van die Woord in die prediking, in sy pastorale werk en in katkisasie. Vencer (1995:44) sê tereg in dié verband: "The answer to relativism in a secular world is the *preaching of God's Word*."

Die Woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige swaard met twee snykante (Heb. 4:12). En so moet dit ook bedien word. Indien dit nie so bedien woord nie, is die kerk medeverantwoordelik vir die sekularisasie. En is dit nie wat heel dikwels die geval is nie? Indien die prediking van so 'n aard is dat dit bydra tot *Godsverduistering* – soos Graafland (1991:9) sekularisasie tipeer – sodat ook gereformeerdes na God moet soek, het 'n verskriklike tyd aangebreek (vgl. Smit, 1993:552-555).

In so 'n situasie moet 'n mens volgens Trimp (1992:947) die oorsaak van die Godsverduistering nie primêr by 'n gesekulariseerde en ateïstiese lewensklimaat gaan soek en dit probeer verander nie, maar by die kerk wat veral in die prediking sy roeping versaak het. Dit is waar Luther (1959) ook met die

Reformasie begin het en wat hy op die oog gehad het toe hy die boek oor die Babiloniese gevangenskap van die *kerk* geskryf het. Daarin het hy daarop gewys dat die volk van God vervreem is omdat die ampsdraers die suiwere leer van die Woord van God aan die volk onthou het. En dit is opvallend dat ook Miskotte (1966:67-71, 227, 230-232) sê dat selfs aan die sogenaamde vierde mens wat geen god se stem meer hoor nie, desondanks die evangelie van die verlossing van sonde in en deur Jesus Christus met konkrete toepassings verkondig moet word.

In baie Suid-Afrikaanse kerke is die prediking heel dikwels te vaag en te algemeen en nie op konktrete situasies op voetsoolvlak van toepassing nie. Ernstige politieke, etiese en maatskaplike probleme word bykans nooit in die prediking aangeroer nie – in teëstelling met die prediking van die profete, die apostels en die Here Jesus self wat nie geskroom het om sondige misstande by die naam te noem nie – sonder om platvloers te raak. Die prediking is ook dikwels te moraliserend van aard omdat die imperatief van die mens se verantwoordelikheid van die indikatief van God se genadewerke in Christus Jesus losgemaak word (Janse van Rensburg, 1991:155-162). Daarby is daar by baie predikante 'n gebrek aan egte verbondsprediking waar gewys word op God se verbondsbeloftes aan die mens, maar ook op die verbondseise wat Hy aan die mens stel en op die verbondswraak van dié wat aan Hom ongehoorsaam is (Janse van Rensburg, 1991:90-128). Dit kan nie betwyfel word nie dat so 'n hantering van die Skrif die hele proses van sekularisasie nie teengaan nie maar eerder bevorder.

Om sy roeping na behore te kan vervul, sal die predikant baie aandag moet gee aan sy persoonlike verhouding tot God. Negatief gestel, moet dit vir hom duidelik wees dat hy nie sy roeping behoorlik kan vervul as hy op een of ander wyse in 'n sonde of sondes volhard en so die Heilige Gees weerstaan en bedroef nie (Hand. 7:51; Ef. 4:30). Positief gestel, beteken dit dat hy moet tyd maak vir persoonlike gebed en Skrifstudie (vgl. Vencer, 1995:45). Hy moet homself soos Paulus aan Timoteus skryf, voortdurend oefen in die godsaligheid of godsvrug, of soos dit in die 1983-vertaling staan: "Oefen jou om in toewyding aan God te lewe" (1 Tim. 4:7).

Op grond van verskeie Skrifuitsprake sê Kamphuis (1990:25): Die voorganger behoort 'n model van die godsvrug te wees. 'n Predikant wat sy eie sondes en sondigheid besef, ervaar 'n mate van beklemming as hy dit lees. En tog moet erken word dat Kamphuis reg is. In die plek van die *asebeia* of goddeloosheid wat die essensie van die sekularisasie is, moet daar by die predikant *eusebeia* of godsvrug wees (Kamphuis, 1990:16-27).

Die woord *opskerping* van predikante is in hierdie verband gepas in die lig van Prediker 10:10: "As die byl stomp word en nie geslyp word nie, moet jy meer krag gebruik. Dit betaal om jou verstand te gebruik".

### 9.1.2 Die ouderlinge

Die ouderlinge behoort manne te wees wat vol is van die Heilige Gees (Hand. 6:3), wat hulle ook voortdurend deur gebed, Skrifstudie, besprekings, ensovoorts, oefen in die godsvrug. Hulle moet getrou wees in hulle ampswerk en die huisbesoek beslis nie laat opgaan in 'n gesellige kuiertjie nie. Die huisbesoek moet 'n ontmoeting wees waar die Woord van God in die sentrum staan en diep insny met sy vermaning en sy troos.

In die lig van die sekularisasie is daar egter veral een saak waarmee baie groter erns gemaak moet word, en dit is met die kerklike tug.

Daar is by die meeste kerke 'n ernstige verwaarlosing van die kerklike tug uit vrees dat lidmate daardeur van die kerk af weggejaag sal word. In werklikheid is daar in dié kerke egter talle lidmate wat, geoordeel aan hulle leer en lewe, so gesekulariseerd is dat daar volgens Graafland (1991:9) geen verskil is tussen hulle en die buitekerklike, ongelowige en moderne mense nie. En omdat daar nie teen hulle opgetree word as hulle die Here minag en hulle nie aan sy gebooie steur nie, is hulle van oordeel dat hulle daarmee kan voortgaan en ... ander lidmate begin hulle navolg. So veroorsaak hulle dat daar in die sekularisasieproses van kwaad na erger voortgegaan word en dit kom weer in morele verval tot openbaring (vgl. Plomp, 1969:122-123).

### 9.1.3 Die diakens

In die amp van die diaken moet die barmhartigheid van God in Christus konkrete gestalte kry. Hierdie barmhartigheidsbewys moet nie net in finansiële en stoflike versorging van mense in nood bestaan nie maar ook in die hulp en bystand aan siekes, weduwees en mense wat in beproewing verkeer en behoefte het aan empatie en simpatie (vgl. De Bruyn, 1979:29-33). In alle gevalle moet die diaken se optrede egter so wees dat die mense met Christus en sy groot barmhartigheid en ontferming gekonfronteer word.

## 9.2 Die amp van die gelowige

### 9.2.1 Die beoefening van die amp van die gelowige

Een van die belangrikste redes vir die huidige sekularisasie is die verwaarlosing van die amp van die gelowige. Die Christene het die roeping om as profete, priesters en konings onder alle omstandighede – by die werk, wanneer ontspan word, by die huis, ensovoorts – hulle geloof daadwerklik uit te lewe. Op dié

wyse moet hulle die lig van die wêreld en die sout van die aarde wees sodat hulle goeie werke ander mense daartoe kan bring om *God* te verheerlik (Matt. 5:13-16). So moet hulle aan hulle medemens konkreet toon wat Christelike geloof en Christelike moraliteit werklik beteken. Hulle moet konsekwent daders van die Woord wees (Jak. 1:22-24). Die afgelope aantal jare is dit egter nie gedoen nie, en daardeur is die geleentheid gebied vir die ontwikkeling van humanistiese en ateïstiese gedagtes wat op die huidige sekularisasie en morele verval uitgeloop het (vgl. Schouwstra, 1993:22-25). Daar is in baie gevalle 'n skokkende skeiding tussen leer en lewe.

Wat gebeur as Christene die amp van die gelowige nie uitlewe nie, word duidelik deur Eberhard Müller (1953:46-50) aangedui as hy vertel wat in 'n fabriek in Duitsland gebeur het. In hierdie fabriek, soos in die meeste ander fabrieke, het die werkers hulle nie veel gesteur aan die doen en late en die probleme van die mense wat saam met hulle werk nie. Die Christene onder die werkers het ongeveer dieselfde houding ingeneem en nie werklik Christelike naasteliefde beoefen nie. Op 'n bepaalde stadium het daar egter 'n verandering ingetree. In verskeie afdelings van die fabriek het sekere mense begin om besonder mensliewend teenoor hulle medewerkers op te tree. As hulle kollegas probleme gehad het, was hierdie mense altyd bereid om te help – selfs al was dit nodig om met die topbestuur daaroor in verbinding te tree. Toe daar na 'n tyd 'n bestuur vir die werkers self gekies moes word, is 16 uit die moontlike 23 van hierdie besonder mensliewende mense gekies. Kort daarna het dit geblyk dat dié mensliewende mense almal aktiewe Kommuniste was. Omdat die Christene nie die amp van die gelowige uitgeoefen het nie, het hulle aan die Kommuniste die geleentheid gebied om 'n vastrapplek te kry. Hierin lê vir die Christene in Suid-Afrika 'n ernstige waarskuwing (vgl. Van der Merwe, 1991:136-142; Heitink, 1995:40, 41; Hendriks, 1995:31).

### 9.2.2 Oefening in godsvrug as antwoord op die sekularisasie

Hoe noodsaaklik die oefening in godsvrug is, veral in die huidige gesekulariseerde wêreld, blyk duidelik as Newbigin (1966:135) sê: "The more one explores the idea of a secular society, the more clear does it become that such a society could be maintained only by the participation of men and women in whom commitment to Christ is a living, personal, religious reality".

In Titus 2:12 plaas Paulus goddeloosheid (*asebeia*) teenoor godsvrug (*eusebeia*). In 'n sekere sin is goddeloosheid die voedingsbodem van sekularisasie (hoewel 'n mens seker ook kan sê dat sekularisasie die voedingsbodem van goddeloosheid is) en godsvrug is die voedingsbodem vir 'n egte Christelike lewe. In die lig hiervan is Paulus se opdrag aan Timoteus (1 Tim. 4:7): "Oefen jou om in toewyding aan God te lewe", van die uiterste

belang nie net vir predikante nie maar vir elke gelowige. Dit behels onder andere gereelde en indringende Skrifstudie en volharding in die gebed, meelewing met die gemeente en konsekwente uitlewing van die geloof ook deur die gehoorsaamheid aan die gebooie van God (Kamphuis, 1990:28-46). Op dié wyse kan 'n egte Christelike lewenstyl sterk gestimuleer word.

'n Christelike lewenstyl beteken volgens Douma (1993:15) 'n lewenstyl wat besonderlik op Christus gerig is. Hy sluit in dié verband sterk aan by 1 Johannes 2:6 "Hy wat sê dat hy in Hom (Christus) bly, behoort self ook so te wandel soos Hy gewandel het" (1953-vertaling). In die 1983-vertaling word dit soos volg weergegee: "Wie beweer dat hy in Hom bly, behoort self ook te lewe soos Jesus gelewe het." Hoewel die mens die lewensloop van Jesus nie kan naboots soos Thomas à Kempis wou nie, moet gelowiges Christus tog navolg. Douma (1993:15-19) lig drie aspekte daarvan uit wat vir die uitlewing van die amp van die gelowige van groot belang is.

* Christus het die *taak of roeping* wat Hy van sy Vader ontvang het in volledige gehoorsaamheid aan Hom vervul (Joh. 4:34; 17:4). Daarom beteken die navolging van Christus dat die gelowige die roeping wat hy van die Vader ontvang het ook in volle gehoorsaamheid aan Hom moet vervul. En dié roeping het nie net betrekking op my beroep nie, maar ook op my huwelik, die versorging van my gesin – op al die fasette van my lewe.

* Christus het *God en sy naaste gedien*. Wie Christus navolg, se lewe moet dus nie gekenmerk word deur 'n selfsugtige diens aan homself nie, maar deur diens aan God en sy naaste. 'n Christelike lewenstyl sal gevolglik beteken dat 'n persoon ten opsigte van homself selfbeheersing en matigheid moet openbaar sodat sy vermoëns en energie nie net op homself gerig is nie maar veral op God en sy naaste.

* Christus het *die lyde aanvaar* wat aan sy roeping verbonde was en Hy roep die gelowige op om in selfverloëning ook sy kruis op te neem en Hom te volg. Christene moet veral bereid wees om te ly vanweë hulle getuie-wees van Christus – ook in situasies waar hulle in die maatskappy alleen moet staan en deur sogenaamde Christene bespot en belaglik gemaak word.

Deur Christus op hierdie en ander wyses na te volg, sal die Christen deur die genade van God nie net in die stroom van sekularisasie staande bly nie, maar ook help om die krag daarvan te stuit. So sal hy sy roeping vervul om die lig van die wêreld en die sout van die aarde te wees en sal hy mense se oë weer vir God open (Matt. 5:13-16; vgl. Velema, 1993:107-110).

## 9.3 Die getuienis van die kerk na buite

Om die proses van sekularisasie te stuit, moet die kerk ook na buite getuig teenoor ongelowiges en afgedwaaldes. Hierdie getuienis moet geskied deur sowel die werk van die besondere ampte as deur elke Christen in die amp van die gelowige. Juis in hierdie tyd moet die kerk daarteen waak om nie op 'n piëtistiese wyse 'n klub vir 'n klomp vroom mense (ingewydes) te word wat die wêreld aan die duiwel en sy diensknegte oorlaat nie. Newbigin (1987:115) stel dit duidelik: "Christians can never seek refuge in a ghetto where their faith is not proclaimed as public truth for all".

In hierdie verband sal Christene ook nie skaam moet wees om te vertel wat God in hulle eie lewens gedoen het nie (vgl. Mark. 5:19; 2 Kor. 12:1-10). Op dié wyse kan hulle toon dat 'n lewe naby God en 'n voortdurende omgang met God ook 'n persoonlike ervaring is en nie bloot 'n teorie nie (Schouwstra, 1993:22-25). Vanselfsprekend mag so 'n getuienis nooit die amptelike verkondiging van die evangelie in enige opsig vervang nie. Tog sal dit van groot geestelike armoede getuig as 'n mens uit vrees vir 'n soort ervaringsteologie nie kan vertel wat God in jou eie lewe gedoen het nie (vgl. Ps. 66:16).

As Christus nie deur woord en daad en voorbeeld as Verlosser aan 'n gesekulariseerde wêreld verkondig word nie, kan in die lig van Matteus 12:43-45 'n toestand ontstaan wat baie erger kan wees as die goddeloosheid en barbarisme wat daar gewees het voordat die evangelie van Christus aan die wêreld verkondig is. Dat dit die geval kan wees, is voor die hand liggend, want moderne barbare beskik oor baie groter vermoëns as dié van eeue gelede.

# 10. Slot: uitsig

Die toekoms van die kerk van die Here mag tans miskien donker lyk in die lig van die voortgaande sekularisasie, maar dan moet in gedagte gehou word dat dit nie die eerste keer in die geskiedenis is dat mense, insluitende gelowiges, die indruk kry nie. En tog leef die kerk en sal hy bly leef tot by die wederkoms van Christus. Christus self gee immers die versekering dat die mag van die doderyk sy kerk nie sal oorweldig nie (Matt. 16:18). Daar mag tye kom waarin dit vir die kerk nog moeiliker sal wees as tans, maar juis dan moet die gelowiges onthou dat Christus gesê het: "In die wêreld sal julle dit moeilik hê; maar hou moed: Ek het die wêreld klaar oorwin" (Joh. 16:33). Die kerk moet net getrou wees om nougeset sy roeping wat sy Here op hom gelê het te vervul en om sy Here nie te verloën nie. En dan kan saam met Heitink (1995:41) gesê word: "Er is alle reden om de toekomst van kerk en christendom hoopvol en met vertrouwen tegemoet te zien".

## Bibliografie

BARTON, D. 1988. America: to pray or not to pray; a statistical look at what has happened since 39 million students were ordered to stop praying in public schools. Aledo (Texas) : Wallbuilder Press.

BERKHOF, H. 1950. Geschiedenis der kerk. 5de druk. Nijkerk : Callenbach.

BOSHOFF, C.W.H. 1968. Kerk en sending onder die Bantoe van Suid-Afrika in 'n eeu van sekularisasie en sekularisme. Pretoria : Universiteit van Pretoria. (D.D.-proefskrif.)

BOTHA, W.J. 1982. Revolusie in die moraliteit. Pretoria : Universiteit van Pretoria. (D.D.-proefskrif.)

BOUTELLIER, H. 1993. Solidariteit en slachtofferschap: de morele betekenis van criminaliteit in een postmoderne cultuur. Nijmegen : SUN.

BREMMER, R.H. 1991. In gesprek met oudere en nieuwere theologen: de actualiteit van de gereformeerde theologie. Kampen : Kok.

BULLOUGH, V.L. 1976. Sexual variance in society and history. New York/London : John Wiley.

BULTMANN, R.K. 1948. Neues Testament und Mythologie. (*In* Bartsch, H-W. *red.* Kerygma und Mythos I; ein theologisches Gespräch. Fünfte Auflage. Hamburg-Bergstedt : Reich. p. 15-48.)

BULTMANN, R.K. 1953. Theologie des Neuen Testaments. Tübingen : Mohr.

CALVYN (CALVIJN), J. 1971. De Evangeliën van Mattheus, Markus en Lukas III. Uit Latyn vertaal deur A. Brummelkamp. Goudriaan : De Groot.

COLE, W.G. 1955. Sex in Christianity and psychoanalysis. New York : Oxford University Press.

COX, H. 1968. The secular city: Secularization and urbanization in theological perspective. Harmondsworth : Penguin.

CREME, B. 1980. The reappearance of the Christ and the masters of wisdom. London/Los Angeles : Tara Press/Center.

DE BRUYN, P.J. 1978. Die plek van die mens in die etiek van H.M. Kuitert: 'n kritiese bespreking van sy etiek teen die agtergrond van sy vernaamste dogmatiese beskouings. Potchefstroom : Pro Rege.

DE BRUYN, P.J. 1979. Die diaken en die versorging van die weduwee. *Die Goue Kandelaar*, 18:29-33.

DE BRUYN, P.J. 1992. Die huidige moraliteitskrisis in Suid-Afrika. *Die Kerkblad*, 95(2902):11, 12, 14. Okt. 21.

DE KLERK, W.J., DUVENAGE, B. & VAN WYK, J.H. s.a. Interfakultêre wysbegeerte: analise van lewens- en wêreldbeskouing; kontemporêre lewens- en wêreldbeskouings; universiteit en student. Potchefstroom : PU vir CHO.

DOUMA, J. 1993. Christelijke levensstijl; 2de druk. Kampen : Van den Berg.

DUVENAGE, B. 1988. Roeping en wetenskap: handleiding vir wetenskapsleer. Potchefstroom : PU vir CHO. (Dept. Sentrale Publikasies.)

FLETCHER, J. 1967. Moral responsibility: Situation ethics at work. London : SCM Press.

FLETCHER, J. 1974. Situation ethics: The new morality. London : SCM Press.

GOGARTEN, F. 1956. Der Mensch zwischen Gott und Welt. Stuttgart : Friedrich Vorwerk Verlag.

GOGARTEN, F. 1958. Verhägnis und Hoffnung der Neuzeit: die Säkularisierung als theologisches Problem. Stuttgart : Friedrich Vorwerk Verlag.

GRAAFLAND, C. 1991. Gereformeerden op zoek naar God: Godsverduistering in het licht van de gereformeerde spiritualiteit. Kampen : De Groot Goudriaan.

GREIJDANUS, S. 1955. Het Evangelie naar Lucas II. Korte verklaring der Heilige Schrift. Kampen : Kok.

HEITINK, G. 1995. Kerk zijn in een post-christelijk tijdperk. *Gereformeerd Theologisch Tijdschrift*, 95(1):36-41, Febr.

HENDRIKS, J. 1995. Facing the facts. (*In* Buchanan, D. & Hendriks, J. *eds*. Meeting the future: Christian leadership in South Africa. Randburg : Knowledge Resources. p. 17-32.)

HEYNS, J.A. 1969. Sterwende Christendom? 'n Teologie in die greep van die tydsgees. Kaapstad : Tafelberg.

HEYNS, J.A. 1970. Die nuwe mens onderweg: oor die Tien Gebooie. Kaapstad : Tafelberg.

JANSE VAN RENSBURG, J. 1972. 'n Teologies-etiese beoordeling van die situasie-etiek, met spesifieke verwysing na Paul Tillich, J.A.T. Robinson en Joseph Fletcher. Stellenbosch : Universiteit Stellenbosch. (M.Th.-skripsie.)

JANSE VAN RENSBURG, J. 1991. 'n Kritiese ontleding van moralisme in die prediking. Bloemfontein : UOVS. (D.Th.-proefskrif.)

JANSEN VAN RYSSEN, J.W. 1954. Die messias uit die aarde: 'n populêre verhandeling oor die Antichris. Potchefstroom : Pro Rege.

JONES, R.M. 1928. Secular civilization and the Christian task. (*In* International Missionary Council. The Christian life and message in relation to non-Christian systems: Report of the Jerusalem meeting of the International Missionary Council, March 24th.-April 8th. Vol. I. London/Cape Town : Oxford University Press. p. 284-338.)

KAMPHUIS, J. 1990. Godsvrucht – een kracht: antwoord aan de secularisatie. Goes : Oosterbaan & Le Cointre.

KOEKEMOER, J.H. 1988. Die sosiale verantwoordelikheid van die kerk gesien in die lig van sekere anti-metafisiese tendense in die teologie. (*In* De Bruyn, P.J. *red.* Waar die paaie saamwoon; opgedra aan prof. P.W. Buys. Potchefstroom : Potchefstroomse Teologiese Publikasies. p. 104-113.)

KUITERT, H.M. 1967. Sociale ethiek en geloof in Jezus Christus. Kampen : Kok.

KUITERT, H.M. 1969a. De mensvormigheid Gods: een dogmatisch-hermeneutische studie over de anthropomorfismen van de heilige Schrift. 3de druk. Kampen : Kok.

KUITERT, H.M. 1969b. De wereld valt mee. (*In* Terzake, deel 4. Utrecht : Baarn. p. 55-91.)

KUITERT, H.M. 1969c. Drie vragen rondom abortus. *Gezond Gezin*, 8:196-198, 211. Okt.

KUITERT, H.M. 1970. Anders gezegd: een verzameling theologische opstellen voor de welwillende lezer. Kampen : Kok.

KUITERT, H.M. 1971. De realiteit van het geloof: over de anti-metafysische tendens in de huidige theologische ontwikkeling. Kampen : Kok.

KUITERT, H.M. 1992. Het algemeen betwijfeld christelijk geloof. Baarn : Ten Have.

LUTHER, M. 1959 (oorspronklik ca. 1521). De Babylonische gevangenschap der kerk. (*In* Luthers Werken – 1. Vertaling deur C. Impeta. Kampen : Kok.)

MISKOTTE, K.H. 1966. Als de goden zwijgen: over de zin van het Oude Testament. Haarlem : Uitgeversmaatschappij Holland.

MOLTMANN, J. 1967. Theology of hope. London : SCM Press.

MüLLER, E. 1953. De wereld is anders geworden: de weg der kerk in de 20ste eeu. Franeker : Wever.

NEWBEGIN, L. 1966. Honest religion for secular man. London : SCM Press.

NEWBIGIN, L. 1987. Foolishness to the Greeks: The Gospel and Western culture. London : SPCK.

PLOMP, J. 1969. De kerkelijke tucht bij Calvyn. Kampen : Kok.

PONT, A.D. 1989. Oorsprong van die Israel-visie: waarheid en verbeelding. (*In* Van der Westhuizen, H.G. *red.* Blankheid en waarheid. Pretoria : Kital. p. 3-12.)

REFORMED ECUMENICAL COUNCIL. 1991. Facing the challenge of secularism. Grand Rapids : REC.

REISS, I.L. 1960. Premarital sexual standards in America: a sociological investigation of the relative social and cultural integration of American sexual standards. London : The Free Press of Glencoe.

RIDDERBOS, H. 1966. Paulus: ontwerp van zijn theologie. Kampen : Kok.

RIETVELD, B. 1957. Saecularisatie als probleem der theologische ethiek: in zonderheid in verband met gedachten van Dietrich Bonhoeffer en Friedrich Gogarten. 's-Gravenhage : Van Keulen.

ROBINSON, J.A.T. 1966. Eerlijk voor God. Uit Engels vertaal deur D.J. Beversluis. Amsterdam : Ten Have.

SCHIPPERS, R. 1955. De Gereformeerde zede. Kampen : Kok.

SCHOUWSTRA, A. 1993. Gereformeerden houden Gods leiding liever voor zichzelf. *Koers*, 24(13):22-25, Jun. 25.

SCHWARZ, F. 1962. Jy kan die Kommuniste vertrou (... om presies te doen wat hulle sê!). Uit Engels vertaal deur T. Kriel. Roodepoort : Baanbreker-Uitgewers.

SHIELDS, N. 1983. Pattern for life: The Ten Commandments. Welwyn (Hertfordshire) : Evangelical Press.

SMIT, J.H. 1993. Gereformeerde studenten op zoek naar God? *De Reformatie*, 68(27):552-555, Apr. 10.

SMEDES, L.B. 1992. Mere morality: What God expects from ordinary people. Grand Rapids : Eerdmans.

SÖLLE, D. 1965. Plaatsbekleding: een hoofdstuk theologie na "de dood van God". Vertaal uit Duits deur H.A. Schreuder, Baarn : Bosch & Keuning.

SÖLLE, D. 1967. De waarheid is concreet. Vertaal uit Duits deur M. van Hengel-Baauw en A. Kreykamp. Utrecht : Ambo.

STOKER, H.G. 1970. Oorsprong en rigting 2. Kaapstad : Tafelberg.

TILLICH, P. 1964a. Systematic theology 1. Digswell Place : Nisbet.

TILLICH, P. 1964b. Morality and beyond. London : Routledge & Kegan Paul.

TRIMP, C. 1992. De verborgenheid van God - IV. *De Reformatie*, 67(48):945-947, Sept. 19.

VAN BUREN, P.M. 1965. The secular meaning of the Gospel based on an analysis of its language. 2nd imp. London : SCM Press.

VAN DER MERWE, M. 1991. Herontdekking van die rol van die lidmaat. (*In* De Villiers, E. & Kitching, D. *reds*. Derdegelui vir môre: die NG Kerk voor die uitdagings van 'n nuwe tyd. Kaapstad : Tafelberg. p. 136-142.)

VAN DER WALT, B. 1984. Sekularisme: gevaarlikste vyand van die Christendom. (*In* Van der Walt, B. *red*. Ideologiese stryd in Suider-Afrika! Vlug vir die afgode! Potchefstroom : PU vir CHO /IRS. p. 114-121.)

VAN DER WESTHUIZEN, H.G. 1984. Blankheid en saligheid. Pretoria : Kital.

VAN DRIEL, L. 1990. Godsdienst en kerk in een geseculariseerde wereld. (*In* Van't Spijker, W., Balke, W., Exalto, K. & Van Driel, L. *reds*. De kerk: wezen, weg én werk van de kerk naar reformatorische opvatting. Kampen : De Groot Goudriaan. p. 341-388.)

VAN PEURSEN, C.A. 1959. Metafysica. (*In* Grosheide, F.W. & Van Itterzon, G.P. *reds*. Christelijke Encyclopedie IV. 2de druk. Kampen : Kok. p. 668.)

VAN RIESSEN, H. 1967. Mondigheid en de machten. Amsterdam : Buijten & Schipperheijn.

VAN WYK, J.H. 1971. Etiek in 'n eeu van tegnologie en tegnokrasie. Potchefstroom : PU vir CHO. (Skripsie vir doktorale eksamen.)

VELDKAMP, H. 1947. De dag van de Zoon des menschen. Franeker : Wever.

VELEMA, W.H. 1992. De mens het beeld van God. (*In* Van Genderen, J. & Velema, W.H. Beknopte Gereformeerde Dogmatiek. Kampen : Kok. p. 292-353.)

VELEMA, W.H. 1993. Wie is God? Leiden : Groen en Zoon.

VENCER, A. 1995. The world, the Word and the work. *Bulletin United Bible Societies*, 174/175: 34-48.

VENTER, P.M. 1989. Die Ou Testament en die Israel-visie. (*In* Van der Westhuizen, H.G. *red.* Blankheid en waarheid. Pretoria : Kital. p. 32-56.)

VENTER, P.W. 1957. Onkerksheid: 'n sosiaal-historiese en godsdiens-sosiologiese ondersoek. Pretoria : HAUM.

VILJOEN, C.J. 1973. Die Godsbegrip by Paul Tillich en sy invloed op die nuwere teologie. Pretoria : Universiteit van Pretoria. (D.D.-proefskrif.)

VOGEL, W. 1981. Sinkretisme, akkulturasie en sekularisasie as probleme in die sending, met besondere verwysing na die Sionisme in Suid-Afrika. Potchefstroom : PU vir CHO. (Th.B.-skripsie.)